BLOEMFONTEIN BAPTISTE

*Saam groei ons tree vir tree*

# ELKEEN

# Deel 1 – Volgelinge Vis

## VRAE VIR BESPREKING:

Werk deur al hierdie vrae VOOR julle Kleingroep byeenkoms. Dit help jou voorberei vir julle byeenkoms sodat julle 'n sinvolle bespreking kan hê. Skryf jou antwoorde neer. Julle gaan nie noodwendig al die vrae bespreek nie en ook nie noodwendig dit in die volgorde hanteer nie.

- **Het jy groot geword? Was kerk en Christelike beginsels deel daarvan? Hoe het jy oor verlossing en redding gedink?**
- **Hoe en wanneer het jy tot bekering gekom? Vertel jou groep daarvan.**
- **Dink jy dit is belangrik dat 'n mens 'n "datum van bekering" moet hê? Verduidelik.**
- **Hoe seker is jy van jou verlossing?**

---

---

---

---

**Lees Matteus 7:21-27 en beantwoord die volgende vrae:**

- **Watter gevoelens kom by jou op as jy hierdie gedeelte lees? Verduidelik.**
- **Hoe stem vers 22 ooreen met Efesiërs 2:9 en Titus 3:5?**
- **Waarborg verlossing in Jesus ons van moeilike omstandighede in hierdie wêreld?**
- **Hoekom dink jy meet party mense God se sorg en seëning aan omstandighede?**

**Lees Handelinge 1:6-8 en beantwoord die volgende vrae:**

- **Hoekom dink jy fokus ons as Christene baie keer op onseker dinge wat slegs die Vader kan bepaal?**
- **Wat dink jy beteken dit om krag van die Heilige Gees te ontvang?**
- **Wat dink jy beteken dit om 'n getuie te wees?**
- **Waar dink jy is Jerusalem, Judea, Samaria en die hele wêreld in ons konteks?**
- **In watter area is jy tans besig om 'n getuie te wees?**

---

---

- **Wat in die preek het jou laat dink hierdie week?**
- **Wat dink jy van die konsep: *"Volgelinge vis"* – Om te vis vir mense is normaal vir volgelinge van Jesus?**
- **Hoe lyk dit tans in jou Christelike lewe?**

## Gebed en Omgee

*Sluit julle tyd af deur gebedsversoeke met mekaar te deel. Indien iemand in die groep kan uithelp met die behoefte of uitdaging is dit goed. Bid saam vir mekaar en vir mekaar se behoeftes waaraan die groep nie verandering kan bring nie.*

**Jy is welkom om van julle groep se gebedsversoeke neer te skryf sodat jy verder deur die week daaroor kan bid:**

## Neem 'n Volgende Stap

*Hierdie gedeelte is vir na julle groepsbyeenkoms sodat jy in jou eie hart kan vasmaak en gehoorsaam kan wees aan wat die Heilige Gees vir jou in julle bespreking openbaar het. Sit 'n tydjie na julle groepstyd uit sodat jy kan nadink oor julle bespreking en tyd saam.*

**As jy terugdink oor julle groepstyd en julle bespreking, wat het vir jou uitgestaan? Wat verstaan jy beter? Wat kan jy met iemand deel? Waaroor moet jy nog bietjie nadink? Wat ervaar jy druk die Heilige Gees op jou hart om in hierdie week te doen? Neem 'n oomblik en dink na oor julle byeenkoms en skryf iets neer wat jy wil vasmaak in jou eie hart.**